Epifanie

Epifanie voltooi die Kersgety en verteenwoordig die verskyning van God se Woord wat vlees geword het in Jesus Christus. Epifanie is 'n Griekse woord wat met "verskyning" of "manifestasie" vertaal kan word. Die teologiese betekenis hiervan kom duidelik na vore in 2 Tim. 1:10:

"Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring." Na sy geboorte, herken ons Jesus al meer as verskyning van God se lig in die wêreld. Epifanie sê: "God is verlossend teenwoordig in hierdie wêreld."

Oorspronklik was die fees van Epifanie 'n spesiale dag in die Advent-Kersfees-Epifanie siklus.

Hierdie dag van "teofanie" (die verskyning van God se lig en krag in Christus), was in die vroeë kerk, saam met die Pase en Pinkster, die derde hoofgebeurtenis op die Christelike kalender.

Dit spreek van die antieke menslike ervaring (Noordelike Halfrond) van die verlange na lig te midde van die kortste en donkerste dae van die jaar.

In die vroegste leesroosters en preke vir hierdie dag, het Epifanie gefokus op Johannes 1:1-2:11.

Die temas het van die begin af gekonsentreer op Christus as lig, sy koms na hierdie wêreld, sy doop in die Jordaan en die eerste wonder – die verandering van water in wyn.

Gemeenskaplik aan al hierdie sake is die teologiese aanspraak dat God in Jesus teenwoordig was en aan mense verskyn het – selfs tot aan die uiteinde van die aarde.

Aangepas uit: "Preekstudies en Liturgiese Voorstelle 2011-2012"